Oktober 2020

# Stellenberger

## Anruné omarm die lewe . . . met een arm





By die onlangse fondsinsamelingsfunksie ten bate van Vosburg-gemeente het die vernuftige pannekoekbakster wat met nét één hand volstoom gebak het, waarskynlik heelwat Stellenbergers se oog getref. Anruné Liebenberg se ma, Anne-maré, was die sameroeper van die pannekoektafel en Anruné is summier by die bakkery ingesleep. Wanneer 'n mens vir Anruné beter leer ken, besef jy gou dat dié mooi vrou nie huiwer om enige iets aan te pak nie en haar getuienis sal enige luisteraar laat hoendervleis kry.

Wanneer 'n mens die naam Anruné Liebenberg "google", vertel die webwerf Wikipedia en sommer 'n hele paar ander ook, vir 'n mens dat Anruné 'n gedugte paralimpiese atleet van Suid-Afrika is. Sy skroom glad nie om haar getuienis te deel nie en het in 2019 Stellenberg-gemeente se jeugdiens besoek en met tieners oor haar lewe en geloofsreis gesels.

Sy is gebore met 'n toestand, genaamd aangebore-amputasie van die linkerarm. Stellenberger het die geleentheid gebruik om die dinamiese vrou beter te leer ken en deel graag haar getuienis met lesers.

**Volgens nuusbronne en webwerwe is jy bekend as 'n 400m- paralimpiese atleet – is dit die enigste item waarin jy spesialieer of is daar ook ander?**

Ek het op 10-jarige ouderdom aan atletiek begin deelneem en was in die laerskool altyd 'n langafstandatleet. Later, in die hoërskool, het ek ook die 400 meter, 800 meter, 1 500 meter gehardloop en aan aflosse deelgeneem. Toe ek in graad 12 was, was my klasitems nie in by die Paralimpiese Spele ingesluit nie en toe het ek noodgedwonge na die 400 meter, 200 meter en 100 meter oorgeskuif. My gunstelingitem bly maar die 400 meter.

Vervolg op bladsy 2 . . .

Ander atlete sal weet dat dit 'n baie uitdagende, maar ook bevredigende afstand is.

**Waar het jou passie vir atletiek begin en was jy van nature altyd 'n uitblinker?**

Ek was in Benoni op skool. Ek het wonderlike onderwysers gehad en kan vandag steeds my graad 1-juffrou onthou. Ek was in Hoërskool Jeugland in Kempton Park en het 'n wonderlike afrigter gehad wat werklik 'n liefde vir die sport by leerders gekweek het. Dit is waar my passie vir die sport begin het, maar ek was aanvanklik nie so goed in atletiek nie en het toe besluit om Desembermaand te begin oefen. My oupa het my destyds tydens dié Desembervakansie begin afrig en my pa het ook hand bygesit. Ek onthou nou nog my pa se lang fluit waarmee hy aangedui het as ek moet begin versnel om binne 'n sekere tyd klaar te maak.

**Dis ongelooflik om te sien hoe behendig jy met een arm is. Hoe leer 'n mens dit vir jou aan?**

Wanneer ek nou daaroor dink, besef ek dit moes vir my ouers ook moeilik gewees het om 'n baba, of kind met net een arm en hand groot te maak, maar ek glo die Here het hulle gelei om my die regte dinge te leer. My ouers het my laat glo dat ek geen beperkings het nie en enige iets kan doen. Sekere goed soos touspring, of om jou onderarmhare te skeer, kan 'n mens eenvoudig nie met een arm doen nie. Danksy tegnologiese ontwikkeling in kunsledemate het ek onlangs 'n bioniese hand bekom. Dit het my in staat gestel om vir die eerste keer in my lewe my eie onderarmhare te skeer. Ek kon die skeermes met die hand se vingers vasknyp.

Ek is eenvoudig grootgemaak dat as jy val, staan jy maar net weer op.

**Wat beteken jou deelname aan atletiek vir jou en wat is jou persoonlike hoogtepunte?**

Dit is vir my 'n geskenk uit die hand van die Here. Ek het in 2010 by gestremde sport betrokke geraak en dit het my lewe en hart verander. God het my op 'n pad geneem waar ek soveel van myself en ander mense leer ken het. Atletiek gee my ook die geleentheid om baie tyd saam met die Here deur te bring. Ek praat elke dag met die Here terwyl ek van my huis in Durbanville na Stellenbosch, waar ek oefen, ry en dit is kosbaar.

Ek het verlede jaar in België die wêreldrekord gebreek. Dit was beslis 'n persoonlike hoogtepunt. Ek was so emosioneel en het besef dat ek dit nie in eie krag kon doen nie, maar dat God, my man, my familie en my afrigters almal deel is van my span en saam met my erkenning vir my sukses verdien.

**Wat doen jy om te ontspan?**

Ek spandeer graag tyd saam met my man en is 'n groot koffiedrinker. Ek geniet graag 'n lekker koppie koffie of 'n ete. Ek geniet dit om tyd te maak en in die winkels rond te dwaal en die nuwe modes te bekyk. Ek hou ook baie daarvan om naaldwerk te doen en het daardie kreatiewe sy by my ma geërf.

**En van 08:00 tot 17:00?**

Ek is 'n onderwyseres en het voorheen skoolgehou by *Inspire Special Needs Tutor Centre* in Durbanville. Dit was 'n wonderlike ervaring om 'n onderwyser vir kinders met spesiale behoeftes te wees. Daar het ek besef dat elke kind uniek is en op sy/haar eie tyd moet ontwikkel.

Ek is baie bevoorreg dat my man my atletiekloopbaan ook ondersteun en die afgelope twee jaar oefen ek voltyds vir die Paralimpiese Spele wat hopelik volgende jaar in Tokio aangebied sal word.

Vervolg op bladsy 3 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 2

**Hoe sien jy jou verhouding met die Here en jou getuienis oor sy rol in jou lewe?**

Dit staan sentraal in my lewe. Ek is bevoorreg dat ek deur my swaarkry 'n verhouding met Here kon opbou. Dit is vir my belangrik dat my getuienis eerlik moet wees. Deel met ander die goeie goed in jou lewe, maar ook die slegte. Vertel vir ander van jou uitdagings, moet dit nie probeer wegsteek nie. Ek besef opnuut dat ons tyd moet maak om na mekaar se stories te luister. Daar is soveel mense met ongelooflike stories van oorwinning, versoening, en nog baie meer – luister daarna.

Ek dink dit is baie belangrik dat ons ook tyd inruim om gereeld met die Here te praat. Sing ook vir Hom. Ek het nie noodwendig die beste stem nie, maar wanneer ek die Here loof en prys, doen ek dit uit volle bors.

My gesin het in 2016 'n baie moeilike periode beleef. Ek het daardie jaar meer gehuil as wat ek enige iets anders gedoen het en wanneer ek nou daaraan terugdink, besef ek dat die Here my en almal in my gesin vasgehou het. Ons het sterker daardeur gekom.

**Wat sou jy graag vir jongmense wou sê?**

Ons leef in 'n wêreld wat vir ons wil voorskryf hoe ons moet lyk en hoe ons moet optree. Dan is ons nog boonop baie lief daarvoor om mekaar af te kraak.

My boodskap aan jongmense is om jouself eerstens lief te hê. Ek moes ook maar deur my krulhare, sproete, bleek vel en boonop die verlies aan 'n arm worstel en aanvaar dat God my liefhet soos ek is. Onthou jy is 'n skepping van God. Behandel jouself sagkens, dan sal dit sommer makliker raak om ander ook mooi te behandel.

Wees dié een wat ander mense komplimenteer. Sê vir iemand anders sy het mooi oë, of hare – dalk verander dit daardie persoon se hele dag.

**Vir watter mens is jy die liefste in die wêreld?**

Dit sal my man, Stefan, wees. Ons het sedert die begin van ons verhouding saam 'n reis met die Here begin en ek glo die Here het hom vir my gekies. Ek het kort na ons verlowing 'n ernstige rugbesering opgedoen en deur daardie besering het die Here 'n persoonlike pad met ons gestap.

My man offer baie op sodat ek my droom kan uitleef en die feit dat ek kan sien hy is trots op my, is vir my ongelooflik kosbaar.

*Baie sterkte met die voorbereidings vir die 2021-Paralimpiese Spele, Anruné. Ons wens jou net die beste toe en wees verseker dat die hele Stellenberg-gemeente bankvas agter jou sal staan. Red.*

# Die Kersvreugde-winkel







**Alles wat jy moet weet:**

- Inkopietye is weeksdae vanaf 09:00 tot 18:00 en Saterdae vanaf 09:00 tot 16:00. Die winkel is gesluit op Sondae.
- 160 uitstallers stal dekoritems, gebak, deliprodukte, juwele en Kersgeskenke vir die hele gesin uit.
- Die ingang na die winkel sal by die skadunetparkering aan die kant van die saalkompleks wees. In die grootsaal sal jy al die gebak, deliprodukte, mansgeskenke en snuisterye vir die jongspan aantref. In die kleinsaal word dekoritems, kaartjies en boeke uitgestal. Juwele kan in die bovertrek besigtig en betaal word. Kasregisters vir die aankoop van alle ander items sal in die grootsaal wees.
- ’n Wegneemete-restaurant word deur Malita Joubert, bekende spysenier van Moorreesburg, bedryf. Sy het onderneem dat immergewilde disse soos hoenderpastei en afval op die spyskaart sal wees. Heelwat sitplek by tafels sal op die terrein ingerig word vir diegene wat verkies om hulle wegneemetes op die terrein te geniet.
- ’n Koffiewinkel met baie ruimte om te verseker dat sosiale distansiëring gehandhaaf word, word in die saalgedeelte van die kerk ingerig. Lekker koffie, cappuccino’s en iets vir die soettand sal daar te koop wees. Dit sal ’n gesellige kuierplek wees waar vriende mekaar voor, of na 'n besoek aan die winkel, kan ontmoet.
- Geen toegang sonder ’n masker word toegelaat nie en toegangsbeheer sal toegepas word.
- Ons doen ’n beroep op klante om inkopies met krediet-, debiet-, of Kaapse verbruikerskaarte te betaal. Sodoende word die moontlike verspreiding van die koronavirus bekamp en dit verminder ook sekuriteitsprobleme.
- Die opbrengs van die winkel sal vir die gemeente se werksaamhede aangewend word.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# ’n Kers vir die tiendemaandinsameling

Deur: Ds. Callie Visagie



Ons nooi gesinne om een wit kers per gesin te neem as ’n herinnering aan hulle tiendemaandbydrae ter ondersteuning van die gemeente se werksaamhede. Neem ’n kers wanneer jy eredienste bywoon, of haal dit by die kerkkantoor af, of skakel die kantoor by 021 976 4519 om aflewering by jou huis te reël.

Ons stel voor dat jy die kers soos volg gebruik:

- Steek die kers aan saam met ’n spesiale ete.

- Laat die kers brand terwyl jy Bybel lees en bid.

- Gebruik die kers om ’n geliefde, wat nie meer met jou is nie, se lewe te herdenk.

- Maak die kers deel van die tafelversierings vir Kersete.

Indien jy bereid is om in jou onmiddellike woongebied kerse aan lidmate by hulle huise uit te deel, kontak asb. vir Odette by 021 976 4519/odette@stellenberg.co.za. Ons wil graag die kerse aan soveel as moontlik van ons lidmate versprei.

Tiendemaandbydraes kan vanaf 1 November 2020 elektronies oorbetaal word na: ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, met verwysing: tiendemaand. Kontantbydraes kan in ’n gemerkte koevert in die kollektebord, of by die kerkkantoor afgegee, of in die beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor geplaas word.

Die tiendemaandinsameling word vir die gemeente se werksaamhede aangewend.

*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.* 2 Korinthiërs 9:7



## Tuiswerkhulp in Klipheuwel

Tieners betrokke by ons Annibrand Senior-groepe het ingespring om kinders in die informele behuisingskema van Klipheuwel met hulle tuiswerk te ondersteun. Hulle besoek die gemeenskap een keer per week. Indien jy ook graag betrokke wil raak, kontak asseblief vir ds. Hanno Ackerman by hanno@stellenberg.co.za.

# Annibrand Junior-gesiggies vol vreugde

Deur: Brenda Visser

Toe die Annibrand-kleingroepe weer in die kerk hervat het, het die kinders se vrolike entoesiasme my aan die borrels in gaskoeldrank laat dink.

Vir die kinders en kategete was dit heerlik om mekaar weer in lewende lywe te sien en al die nuuswaardige gebeure wat die afgelope ses maande in almal se lewens plaasgevind het met mekaar te deel. Daar is darem ook tyd ingeruim om oor die lestema van die oggend te gesels. Die lesse is relevant, sluit by die eredienste se preektemas aan en is verkort tot slegs 30 minute per les. Graadgroepe word afwisselend uitgenooi om ná die oggenddiens vanaf 09:50 tot 10:20 by kleingroepe in die kerk in te skakel.

Sommige ouers neem sommer spontaan aan die groepies se bespreking deel en ander geniet na die diens ’n heerlike cappuccino terwyl hulle vir die kinders wag. Die nuwe en aangepaste Annibrand-werksmetode werk goed en ons gaan dus in die vierde kwartaal voort daarmee.

Ek en die jeugkommissie is baie opgewonde oor 2021. Daar is ’n hele paar nuwe planne en verrassings, maar ek wil nie die aap te vroeg uit die mou laat nie. Die ou gunstelinge sal nog met ons wees, maar wees gewaarsku – maak seker jy skryf reeds in 2020 in by Annibrand Junior, anders loop jy gevaar om groot pret mis te loop!”







# Die wêreld smag na ware leiers

Deur: Dr. Braam Hanekom



Die Amerikaanse presidentsverkiesing was besig om in 'n sirkus te ontaard toe die koronavirus vir 'n wyle die spektakel tot orde geroep het. 'n Mens wonder egter onwillekeurig waarheen Amerika en die wêreld op pad is.

Dit wil voorkom of ons 'n leierskapskrisis beleef. Feitlik oor die wêreld heen vind ons leierskap wat jou keel laat toetrek. Ek moet dit egter kwalifiseer: Daardie besonderse vrou Angela Merkel bly vir my 'n uitsondering. Laat ek ook byvoeg: Daar is diegene wat konstant neerhalend oor ons eie president praat. Kyk egter 'n bietjie om jou rond. Dit is inderdaad 'n tyd om veel meer vir ons leiers te bid.

Hoe het ons hier beland het?

Die eenvoudigste antwoord is om te sê dat leiers nie sommer uit die lug val nie, maar meestal die produk van 'n samelewing is. Hoe is dit moontlik dat Amerika destyds, met slegs 'n paar miljoen inwoners, die Adamse, Lincolns en Jeffersons van die wêreld kon produseer en vandag, met meer as 300 miljoen inwoners, spartel om twee behoorlike presidentskandidate te kry?

Dalk moet ons erken dat mag, geld, selfbeheptheid en verwronge waardestelsels 'n groter houvas op ons almal gekry het as wat ons dalk dink. Ouwêreldse diensbaarheid, nederigheid en respek vir mekaar en teenstanders moes plek maak vir verbale aanvalle wat dikwels met leuens gepaardgaan.

Ons sien dit ook in ons eie land.

Terwyl leierskapskursusse ons kan help en vorm, word ware leierskap nie in dié kursusse gekweek nie. Ek steun die teorie dat ware leierskap in waardegedrewe samelewings gevorm word, om kombuis- en etenstafels, in ouerhuise.

Opvoeding is net so belangrik soos onderrig.

Leierskap is dikwels die resultaat van swaarkry en mense wat verstaan wat dit beteken om opofferings te maak.

Christus het op 'n keer baie spesifiek met sy dissipels oor leierskap gepraat. Hy het dit egter teenoor wêreldse leierskap geplaas en twee deugde uitgesonder: nederigheid en diensbaarheid (Luk. 22:26).

Dit beteken nie dat ons nie goed opgeleide, visioenêre, innoverende, dapper en gedissiplineerde leiers nodig het nie. Christus se boodskap was wel dat daar basiese begingsels is waarsonder al hierdie edele eienskappe ontspoor.

Ons lewe in 'n tyd van uiterse kompleksiteit waarin angstige, onseker mense ál meer soek na reg-of-weg-oplossings en -antwoorde. Die plofbare situasie wat om plaasmoorde ontwikkel het, bevestig dit. Groeiende rassespanning het nuwe uitdagings aan leierskap kom rig. Hoe word daar met wysheid nuwe sosiale kohesie en 'n nuwe sosiale kontrak geskep? Ons het nou slim én wyse leiers bitter nodig wat dit kan doen.

Leiers wat voor God stil word, sal vind dat daar steeds baie stemme deur jou maal. God kan egter 'n wyse, onderskeidende harmonie in jou skep wat lig en koers in 'n donker tyd bring.

*Dr. Hanekom is direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis, Sinode Wes-Kaapland.*

# Haweloses leer lewensvaardighede





Die Sentrum vir Publieke Getuienis, MES en Stellenberg-gemeente het einde September gesamentlik 'n kamp vir hawelose mense by die Apostelbattery-kampterrein in Llandudno aangebied. Die kamp het oor drie dae gestrek en MES, wat op grondvlak met hawelose mense werk, het leiers onder die haweloses geïdentifiseer en na die kamp genooi.

"MES werk reeds lank intensief met hawelose mense in Durbanville en Bellville," sê ds. Why Duvenhage. "Tydens die kamp is daar juis gepoog om die mense wat te midde van hulle omstandighede potensiaal openbaar, te bemoedig en te versterk."

Die JAM-span het dit aangebied en die drie-dag-program het gefokus op geestelike-, lewens- en leierskapsvaardighede.

"Dit was 'n interessante ervaring en ek het besef daar is eintlik wonderlike mense onder die haweloses," sê ds. Why Duvenhage. "Hulle was so dankbaar en het met oorgawe deelgeneem en saamgewerk"

# ’n Gemeenskapstuin in Klipheuwel

Shiloh, die Departement Landbou van die Wes-Kaap, asook Stellenberg-gemeente het koppe bymekaargesit en 'n halwe hektaar grond naby die informele sektor in Klipheuwel bekom, waarop hulle beoog om 'n gemeenskapsgroentetuin te vestig.

Die doel met die groentetuin is volgens ds. Why Duvenhage tweërlei van aard – om sopkombuise van groente te voorsien en om werk te skep.

"Die omheining van die grond, asook die sink van 'n boorgat, is tans die hoofprioriteite en daarna sal ons die hulp van plaaslike boere vra om ons aanvanklik met die omploeg van die grond behulpsaam te wees," verduidelik Why. "Dit is 'n groot projek met baie potensiaal en ons is baie opgewonde oor die moontlikhede wat in die toekoms daaruit kan voortspruit."

# Jou spiritualiteitstyl beïnvloed jou gebedslewe

Deur: Ds. René Potgieter

As daar een saak is waaroor mense maklik krities raak, is dit oor hoe mense bid. Mense bid verskillend, maar hoekom is dit so? Hoekom dink gelowiges in dieselfde gemeente verskillend oor gebed en die inrigting van eredienste? Daar is 'n verskeidenheid redes voor: Persoonlikhede en temperamente verskil, mense het verskillende talente en gawes en gelowiges het ook verskillende spiritualiteitstipes. Ons verskil van mekaar – daarom aandbid ons op verskillende maniere.

Eerstens moet ons ons afvra wat spiritualiteit is. Dit is die mens se diepste dors of hunkering na God. Spiritualiteit verwys na ons ervaring en omgaan met God. Waar en hoe ons die teenwoordigheid van God beleef.

In Corinne Ware se boek Discover Your Spiritual Type: A Guide to Individual and Congregational Growth identifiseer sy vier verskillende spiritualiteitstipes .

Sy onderskei tussen:

'n Intellektuele/denkende tipe wat sy ook kortliks "head" noem

'n Meer charismatiese of hartspiritualiteitsgroep

Die mistieke spiritualiteitsgroep

Die koninkryks- of visionêre spiritualiteitsgroep.

Spiritualiteitstipes, soos omskryf deur Corinne Ware, is die volgende:

**Tipe 1: Kopspiritualiteit (teologies georiënteerde mens)**

Die kopspiritualiteitsgroep is 'n denkende en intellektuele spiritualiteitstipe. Die realiteit van geloofslewe is vir hulle belangrik. Hulle druk hulle teologie in vaste konsepte uit, bv. God as Vader. Die letterlik geskrewe Woord van God (Die Bybel) is vir hulle die essensie van hulle geloofslewe. Hulle is gemaklik met 'n meer formele preekstyl en geniet studiegroepe en goeie teologies gebaseerde preke. Hulle bydrae tot die gemeente is gewoonlik op die terrein van sistematiese teologiese nadenke oor leerstellige en etiese kwessies. Hulle sorg ook vir struktuur in gemeentes. Hulle verkies om slegs die Bybel as bron van hulle spiritualiteit te gebruik. Ervarings is nie vir hulle prioriteit nie.

**Gebedslewe**

Hulle gebedslewe is vir hulle 'n uitdrukking van hulle eerbied aan God. Hulle beleef God deur hulle verstand of kognitiewe denke. Hul gebede is gewoonlik goed geformuleer en hulle verkies gebede wat uitgeskryf is en gelees kan word. Hulle hou daarvan om met God te praat. Hulle gebedstyl is gewoonlik gedissiplineerd, afgerond en met goeie teologiese inhoud.

**Tipe 2: Hartspiritualiteit (charismatiese inslag)**

Die hartspiritualiteitsgroep hou van warm uitdrukkings van geloof en interpersoonlike kontak binne die gemeente. Hulle stel die Woord ook sentraal, maar vir hulle is die uiterlike uitdrukking van emosies ewe belangrik. Gewoonlik sal mense met dié spiritualiteitstipe hulle godsdiensbelewenis meer gemaklik ten toon stel deur middel van gesigsuitdrukkings en/of handgebare. Persoonlike getuienis, musiek en evangelisasie is vir hulle belangrik. Hulle verkies 'n predikingstyl wat ook fokus op ander se getuienisse of ervarings. Gewoonlik is hulle persoonlike warmte, entoesiasme en gemoedelikheid aansteeklik in 'n gemeente. Hulle is dikwels ook voorstanders van 'n meer informele aanslag.

. . . vervolg vanaf bladsy 9

**Gebedslewe**

Hierdie tipe spiritualiteitmense voel tuis met baie emosie en gevoelvolle uitdrukkings in hulle gebedslewe, asook tydens eredienste. Hulle hou daarvan om met God te praat, maar minder formeel as die eerste groep. Hulle verkies vrye en spontane gebede.

**Tipe 3: Mistieke spiritualiteit**

Die groep wat aangetrokke voel tot mistieke spiritualiteit, wil aan God se voete sit en luister. Die affektiewe, of emosionele komponent van godsdiens is vir hulle belangrik en daarom verkies hulle om na God te luister, eerder as om met Hom te praat. Hulle soek na die teenwoordigheid van God. Stiltes in eredienste is vir hulle belangrik en simbole speel 'n groot rol in hulle geloofsvorming. Hulle vind aanklank by meditatiewe dissiplines en die lees van die Bybel help hulle om nader aan God te groei. Stilgebed is vir hulle 'n voorkeur. Hulle sal die gemeente aan die heiligheid van God te midde van die alledaagse herinner.

**Gebedslewe**

Hulle verkies om na God te luister in plaas daarvan om met Hom te praat. Hulle hou nie van klaar uitgewerkte antwoorde nie en verkies dat God Homself aan hulle deur gebed moet openbaar. Tydens gebed fokus hulle daarop om die teenwoordigheid van God te ervaar. Dit is vir hulle soms genoeg om bloot in stilte aan God se voete te sit.

**Tipe 4: Koninkrykspiritualiteit (baanbrekers)**

Die beoefenaars van koninkrykspiritualiteit hou daarvan om aktief by sending, barmhartigheid, asook sosiale aksies, betrokke te wees. Die groep beplan graag saam met medewerkers aan die aksies waarby hulle betrokke is en bid ook saam met ander daarvoor. Hulle is dikwels die sosiale gewete van die kerk en sal die gemeente tot aksie mobiliseer. Hulle sal selfopofferend wees in hulle navolging van die koninkryk se doelwitte.

**Gebedslewe**

Hulle bid as hulle besig is om iets vir die Here te doen, hetsy op die sendingveld of elders. Hulle gebede is daarop gerig om die die koninkryk van God te laat groei. Vir hulle word gebed en teologie die beste deur praktiese dade getoon. Hulle doen graag voorbidding vir die gemeente se sending- en barmhartigheidsaksies.

**Ten slotte**

Elke spiritualiteitstipe lewer 'n onmisbare bydrae tot die gemeente. Elkeen se unieke styl dra daartoe by dat 'n gebalanseerde spiritualiteitslewe in die gemeente heers. Sodra slegs die een tipe oorbeklemtoon word, lei dit maklik tot eensydigheid, of die uitsluiting van ander se behoeftes.

Soms wonder mense waarom een prediker en se styl tot hulle spreek en 'n ander prediker s'n weer nie. Die antwoord is eenvoudig dat gelowiges en ook predikante, verskillende spiritualiteitstyle het, wat dan daartoe lei dat die twee by mekaar aanklank vind, al dan nie. Maar die gemeenskaplike faktor hier is dat al vier die spiritualiteitstipes ernstig is oor gebed – hulle beoefen dit net anders.

Met erkenning aan Communitas

# 2020 – Jaar van die Bybel



Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vier vanjaar sy 200ste bestaansjaar en daarmee saam word die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans op 29 November 2020 bekend gestel.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) is 'n missionale beweging met 'n eenvoudige en gefokusde visie: 'n Bybel vir elkeen! Die missie van die BSA is bekostigbare Bybels vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate, sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar. Dit word bereik deur die Bybel in alle tale te vertaal, dit in verskillende formate te publiseer en dit na alle uithoeke van Suid-Afrika te versprei.

Volgens die Bybelgenootskap se webwerf het verskeie sake 'n rol gespeel by die besluit om 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans voor te berei.

**Die belangrikste oorwegings was die volgende:**

1. In Afrikaanssprekende kerke is daar die behoefte vir 'n Bybelvertaling wat sterker aansluit by die bronteks (dit wil sê die Hebreeuse, Aramese en Griekse tekste) as die bestaande tekste. Baie gelowiges het behoefte aan 'n Bybel wat so na moontlik aan die bronteks, maar steeds goed verstaanbaar, is.
2. Vertaalkunde het as 'n wetenskap geweldig ontwikkel sedert die publikasie van die 1983-vertaling in Afrikaans. Tot in die helfte van die vorige eeu het alle vertalings 'n letterlike of woord-vir-woord benadering gevolg, soos die 1933/53-vertaling. Die 1983-vertaling verteenwoordig die verdere ontwikkeling in vertaalkunde waarin die klem meer val op 'n gedagte-vir-gedagte of betekenis-georiënteerde vertaling. Alhoewel hierdie vertalings vir baie lesers die Bybel meer toeganklik maak, verg hulle heelwat meer interpretasie van die kant van vertalers as in die geval van woord-vir-woordvertalings. Dit is dus te verstane waarom sommige gevestigde kerke en meer ernstige Bybellesers (byvoorbeeld in Bybelstudiekringe) begin voel het dat hierdie vertalings hulle soms van die bronteks vervreem. Onlangse ontwikkelinge in Bybelvertaalkunde het ook bevestig dat daar met reg by kerke en Bybellesers behoefte mag wees aan vertalings wat verskillende funksies vervul. Terwyl die aard en omvang van hierdie funksies oordryf kan word, is daar konsensus dat gevestigde kerke behoefte sal hê aan 'n vertaling wat nie net so naby as moontlik aan die bronteks is nie, maar ook aan die vreemdheid en andersheid van die Bybel as antieke godsdienstige teks reg sal laat geskied. Hierdie soort vertaling fokus nie daarop om die Bybel vir lesers in terme van hulle eie leefwêreld lekker te laat lees nie. Dit neem eerder lesers na die Bybel in se eie tyd en leefwêreld. Alhoewel dit altyd gangbare idiomatiese Afrikaans moet wees, word die letterkundige aard en struktuur van die bronteks, asook die gebruike nie gemoderniseer nie.

Vervolg op bladsy 12 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 11

1. Daar is dus duidelik 'n behoefte aan so 'n vertaling van die Bybel in hedendaagse Afrikaans naas die bestaande woord-vir-woord vertaling van 1933/53 en die dinamiese vertaling van 1983 asook ander vertalings wat nie deur die Bybelgenootskap voorberei is nie.

2. Ons kennis van die tale waarin die Bybel oorspronklik geskryf is, het in die afgelope aantal jare uitgebrei. Meer onlangse taalkundige modelle, asook die moontlikhede wat rekenaarprogramme bied, het ons kennis van die Bybeltale laat toeneem.

**Wat is die vertaalopdrag waarvolgens die vertalers te werk gaan?**

Volgens ‘n lid van die vertalingskommissie: "Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir die voorlesing en gebruik in eredienste, sowel as vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik."

Hierdie opdrag is verder omskryf as 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees.

Die nuwe vertaling van die Bybel sal vanaf 29 November 2020 in geestelikeliteratuurwinkels te koop wees. Vir volledige inligting besoek gerus die Bybelgenootskap se webwerf.

Bronne | Bybelgenootskap se webwerf asook navorsing deur A.B. Geyer-Fouche.

# Die eerste uitreik van 2020 is op pad na Vosburg



Stellenberg-gemeente en die NG kerk Onrusrivier pak vanaf 25 tot 31 Oktober gesamentlik 'n uitreik na Vosburg aan. Volgens ds. Why Duvenhage, wat Vosburg onlangs besoek het, gaan dit nog baie swaar met die mense in dié gemeenskap. Groot gedeeltes van die streek gaan steeds onder erge droogte gebuk en werkloosheid en verwante maatskaplike probleme is deurentyd aan die orde van die dag.

"Daar is darem een ligpunt in die kontrei en dit is die bakkery wat ons verlede jaar in samewerking met gemeenskapslede gevestig het. Die bakkery gaan van krag tot krag en het werklik 'n positiewe invloed op die dorp en sy mense," sê ds. Why Duvenhage.

Stellenberg-gemeente se Vosburg-komitee het ook op Vrydag 2 Oktober wegneemetes ten bate van die Vosburg-gemeente verkoop en was baie dankbaar toe hulle daarin kon slaag om R31 000 in te vorder en aan die gemeente kon skenk.

Ons gebede vergesel die uitreikspan en ons vertrou dat die liefde van Christus die mense van die omgewing met nuwe moed en hoop sal vul.

# Vyf wenke om produktiwiteit te verhoog

Deur: Rudolph van Schoor

Maatskappye moes skielik nuwe planne beraam om personeel en die terugfasering na kantore te bestuur. Heelwat besighede maak steeds van 'n gekombineerde werkswyse tussen Zoomafsprake, tuiskantore en verminderde ure op kantoor gebruik.

Nou ontstaan die vraag hoe 'n mens jou span kan begelei om meer effektief te werk en produktiwiteit te verhoog te midde van die nuwe uitdagings.

Hier is vyf strategieë wat jou in die proses kan ondersteun

**Reflekteer oor jou dag**

Neem daagliks vyf minute voor jy die dag afsluit en dink na oor die volgende drie vrae. Wat was goed omtrent die dag? Wat het ek sleg of frustrerend gevind? En dan, wat kan ek leer uit die goed en sleg sodat ek môre kan aanpas, of verander. Maak notas van jou antwoorde en stoor dit op jou foon of rekenaar. Moenie dat die lesse wat jy leer, verlore gaan nie. Probeer om die nuut geleerde lesse so gou as moontlik te begin toepas, dan sal dit oor die langtermyn 'n ongelooflike impak op jou produktiwiteit en resultate hê. Spandeer net vyf minute aan dié oefening.

**Strategiese beplanning vir die volgende dag**

Na die besinning oor jou dag, doen die volgende vyf-minute-oefening. Skyf neer wat die drie tot vyf belangrikste take is waaraan jy die volgende dag aandag moet skenk. Dit moet take wees wat jou besigheid, of span se resultate sal laat groei. Maak 'n lysie van al die afsprake, oproepe en e-posse wat met dié take verband hou. Al behaal jy net sukses met twee uit die vyf take, het jy minstens iets positiefs gedurende die dag bereik.



**Spanlede se visie**

Maak gereeld individuele afsprake met die mense in jou span. Vind uit wat is elke individu se dryfveer en wat elkeen se persoonlike doelwitte is. Maak seker dat almal verstaan wat die maatskappy se visie is en hoe hulle hul persoonlike visie met die van die maatskappy kan versoen. Dit skep motivering en dryfkrag en verseker ook dat almal dieselfde doelwit nastreef. Die resultaat sal wees werk wat vinniger en meer effektief afgehandel word.

**Doelwitstelling | Erkenning | Hantering van swak werk**

Dis noodsaaklik dat elke werknemer in jou span presies weet wat sy/haar doelwitte vir die week is. Stel dit saam met die werknemer op. Dit voorkom onduidelikheid en maak dit baie maklik om hom of haar verantwoordelik te hou. Prys spanlede onmiddellik vir goeie werk en bied ook dadelik ondersteuning aan wanneer 'n spanlid nie goeie werk lewer nie. 'n Hernude fokus op die belangrikste uitkomste en die onmiddellike gee van erkenning, of regstelling van foute, maak mense meer produktief en verhoed onsekerheid.

Vervolg op bladsy 14 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 13

## TOEPS (Apps) vir beter werksvloei

Daar is ’n groot verskeidenheid toeps wat toegespits is op die verbetering van produktiwiteit en projekbestuur. Dit bly ’n persoonlike keuse en die toep wat jy gebruik moet die beste pas by jou en jou span se unieke behoeftes. Hou die volgende riglyne in gedagte:

Dit moenie te moeilik wees om te gebruik nie. Hoe eenvoudiger, hoe beter.

Dokumentasie moet uit verskillende oorde maklik in een dokument of projek ingetrek en opgedateer kan word.

Met een oogopslag moet ’n mens presies weet wat elke spanlid doen en hoe hul vordering lyk.

’n Toep optimaliseer besigheidsisteme en help die span om goeie resultate vining te kan lewer. Dit maak jou as besigheidseienaar of spanleier baie meer effektief in die bestuur van jou personeel en dit verhoog jou persoonlike produktiwiteit.

Hier is ’n lys van goeie toepassings om te ondersoek:

Nozbe

Asana

Trello

Monday

Basecamp

Slack

Dit is ook die moeite werd om ’n sagtewareontwikkelaar te nader wat vir jou maatskappy ’n goeie besigheidsintegrasieprogram kan skryf. Verhoogde produktiwiteit is in jou hande. Dit verg aanpassings en dissipline, maar die vrugte wat jy pluk, gaan die beslissende verskil in jou besigheid en lewe maak.